# Hoofstuk 1

## Inleiding

Sedert die Westerse kolonisasie van Afrika vanaf die vyftiende tot die negentiende eeu het blankes hulle permanent in, onder meer, Algerië, Angola, Mosambiek, Zimbabwe, Kenia en Suid-Afrika gevestig. Anders as die blanke vestiging in Noord-Amerika en Australië, waar blankes 'n meerderheid geword het, het die blankes in Afrika-lande minderhede gebly.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was Suid-Afrika, Egipte en Liberië die enigste onafhanklike state in Afrika. Binne twintig jaar na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog het Afrika-nasionalisme oor Europese kolonialisme geseëvier.

Vir die meeste Afrika-state was verselfstandiging 'n byna bloedlose proses waarin hulle hoofsaaklik deur onderhandeling met hulle koloniale heersers 'n pad na verandering en uiteindelik nasionale vryheid begin loop het.[1]

Talle redes word vir die vryheidstrewe gegee. Eksterne faktore soos die Tweede Wêreldoorlog het bepaald 'n rol gespeel in die vinnige veranderinge wat vanaf 1957 plaasgevind en drie jaar later 'n hoogtepunt bereik het. Die oorlog het nasionalisme gevoed en 'n anti-kolonialistiese gesindheid bevorder. Dit het die mite van die witman en die Westerse kolonialisme vernietig. Die Afrikaan het met die res van die wêreld en met ideologieë soos demokratiese liberalisme, kommunisme en sosialisme in kontak gekom. Die nasionalisme en vryheidsoorloë in Asië het as inspirasie vir die nasionalisme in Afrika gedien. Hierbenewens is die twee groot koloniale moondhede, Brittanje en Frankryk, aansienlik deur die oorlog verswak, sodat die koloniale regeerders nie meer oor soveel mag as tevore beskik het om versetsbewegings onder die gekoloniseerde bevolking teen te gaan nie.[2]

In die magstryd tussen Oos en Wes was Afrika sedert die vroeë vyftigerjare van kardinale belang. Die magstryd (Koue Oorlog) tussen die Sowjet-Unie en die Weste het aan Afrika nuwe betekenis en aan die Afrika-state groter bedingingsmag gegee. Afrika se strategiese belangrikheid as verdedigingsbolwerk vir Wes-Europa in oorlogstyd en die

---

[1] J.D. Fage, ***A history of Africa***, p.458.

[2] A.P.J. van Rensburg, ***Aspekte van die geskiedenis van Afrika***, p.252; G.M. Mutiso & S.W. Rohio, ***Readings in African Political Thought***, pp.187-191.

ekonomiese potensiaal van Afrika se onmisbare grondstowwe was belangrike oorwegings vir die Weste en het hulle optrede teenoor Afrika-lande bepaal.[3]

Die nasionale strewes onder die volkere van Afrika het ná die oorlog sterk tot uiting gekom en spoedig was Afrika deel van die golf van nasionalisme en anti-kolonialisme wat die wêreld oorspoel het. Dinamiese Afrika-leiers het die Afrikane se sentimente verwoord, naamlik dat geen nasie die reg het om oor 'n ander te heers nie. Hulle het steun vir hulle selfverwesenlikingstrewe ontvang van beide die Sowjet-unie en die Verenigde State van Amerika. Die Sowjet-unie het die geleentheid benut om sy eie politieke oogmerke te verwesenlik, terwyl die Amerikaners steun aan die gekoloniseerde Afrika-lande as 'n metode om die groeiende Russiese invloed te probeer hokslaan, gesien het.[4]

Frankryk en Brittanje is deur die inmenging van die grootmoondhede gedwing om inderhaas stappe te neem om die woelinge in hulle koloniale gebiede te besweer. Enersyds is onafhanklikheid aan onderhorige gebiede, soos byvoorbeeld die Goudkus (1957), gegee. Andersyds het hulle opgetree teen Egipte (1956) in die Suez-kanaalkwessie en daardeur hulle posisie in Afrika verder verswak deurdat dit die Verenigde State van Amerika en ander lande nog sterker teen kolonialisme gerig het.[5]

Algerië was sedert die vroeë negentiende eeu 'n Franse kolonie. Baie Franse het daarheen geëmigreer en teen 1950 was die blanke bevolking daar ongeveer 1,25 miljoen, die grootste blanke bevolking in enige Afrikaland buite Suid-Afrika. Frankryk se beleid was aanvanklik om hierdie gebied, soos sy ander kolonies, steeds nouer by Frankryk self in te skakel, maar die verset teen koloniale oorheersing van die inheemse bevolking het hierdie beleid onuitvoerbaar gemaak, en vanaf 1946 het die Franse regering begin om aan Algerië selfbestuur te verleen, wat uiteindelik uitgeloop het op volledige onafhanklikheid in 1962.

In die periode 1958-1962, toe dit duidelik geword het dat onafhanklikheid onafwendbaar was, het daar verskeie opstande van die Franse koloniste, wat die steun van 'n groot

---

3 A.P.J. van Rensburg, ***Aspekte van die geskiedenis van Afrika***, p.266; L. Rust, "Soeklig op die hedendaagse wêreld", ***Die Wêreld in Oënskou***, jg. 12, no. 12, Des. 1977, p.225; R.F. Holland, ***European decolonization 1918-1981: an introductory survey***, p.26.

4 A.P.J. van Rensburg, ***Aspekte van die geskiedenis van Afrika***, p.266; P. Gifford & W.M. Roger Louis (Eds.), ***Decolonization and African independence: the transfers of power, 1960-1980***, p.8; L.H. Gann & P. Duignan, ***Africa between East and West***, pp.91-104.

5 A.P.J. van Rensburg, ***Aspekte van die geskiedenis van Afrika***, p.267; K. Smith & F.J. Nöthling, ***Afrika noord van die Limpopo: die imperiale wedervaringe sedert 1800***, p.328; H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, pp.451-480.

*deel van* die inwoners van Frankryk self gehad het, plaasgevind. Die opstande was bloedig, maar onsuksesvol en die meeste koloniste het na Frankryk verhuis.

Die omstandighede in Suid-Afrika in die periode 1990-1994 was in baie opsigte soortgelyk aan dié in Algerië gedurende 1958-1962. Toe dit duidelik geword het dat 'n regering gedomineer deur die swart meerderheid, onafwendbaar geword het, het daar ook verset onder die blanke minderheid Suid-Afrikaners voorgekom, hoewel dit nooit naastenby die omvang bereik het as wat dit in Algerië die geval was nie. Die blanke regse verset het onder 'n beperkte en verdeelde groepie Afrikaners voorgekom en nie onder die blanke rasgroep as sodanig nie en is getemper deur die meerderheid blankes, wat alternatiewe beredderingsmetodes bo die regses se geweldopsie voorgestaan het.

In Algerië het die proses van verselfstandiging gelei tot bloedvergieting en konflik tussen die drie strydende groepe, naamlik die Franse regering, die meerderheid blanke inwoners (*pieds noirs)* en die oorwegend Moslem-bevrydingsgroep, die Front de Liberation Nationale (FLN).

In Suid-Afrika, waar die blanke minderheid se heersersrol vanaf die dertigerjare deur ekonomiese groei versterk is, het die bevrydingstrewe van die inheemse (swart) bevolking rewolusionêre omvang aangeneem. As massa sonder volledige politieke regte het die inheemse meerderheid, hoofsaaklik onder die vaandel van die African National Congress (ANC), in opstand teen hulle situasie gekom. As drukgroep het hulle tydens die tagtigerjare die ekonomie lam gelê met massa-aksies en 'n geweldige psigologiese impak gehad op die land met dreigemente en dade van terreur. Hulle optrede het gelei tot vrees en verset onder blankes, vanweë die impak wat dit op hul bevoorregte posisie, maar dalk ook ook op hul voortbestaan in Afrika, kon hê.

Hervormings deur die hoofsaaklik blanke regering het 'n groep blankes geantagoniseer en die regering met die dilemma opgesaal dat hy 'n tweekopmonster moes beveg: enersyds moes die linkse (swart) magte geakkommodeer word ter wille van vrede en stabiliteit, andersyds moes die regse (blanke) verset ontlont word. 'n Politieke bestel en samelewing waarin 'n oplossing tot die bevrediging van beide groepe gevind word, moes geskep word.

Hierdie skripsie handel oor waterskeidingsmomente in die proses van dekolonisasie, naamlik die onafhanklikheid van Algerië van Frankryk en die verkryging van politieke beheer deur die inheemse bevolking van Suid-Afrika, en fokus meer spesifiek op blanke verset teen hierdie ingrypende politieke veranderinge.

Die onderwerp is as 'n vergelykende studie aangepak omdat daar ooglopende ooreenkomste tussen die twee versetsituasies is, maar ook ingrypende verskille. Die hoofoogmerk van hierdie studie is om die vraag te beantwoord waarom die versetproses in Suid-Afrika in so baie opsigte van dié in Algerië verskil.

Ten einde die vraag te beantwoord, is dit noodsaaklik om die grondliggende oorsake van die twee versetsituasies en die verloop van die versetaksies te ontleed en die ooreenkomste en verskille te identifiseer. Daarna kan die ooreenkomste en verskille verder bekyk en verklaar word.

'n Wetenskaplike vergelyking van die blanke verset teen die dekolonisasie van die twee lande wat tot in 1960 die grootste blanke bevolkings in Afrika gehad het, het, sover ek kon vassstel, nog nie verskyn nie en daarom word met hierdie werk 'n beskeie poging aangewend om by te dra tot uitbreiding van wetenskaplike kennis oor hierdie onderwerp.

'n Hele aantal wetenskaplike boeke en artikels in Engels, Frans en ander tale, het oor die ontwikkelinge in Algerië verskyn. Onvoldoende kennis van Frans en ander vreemde tale het meegebring dat ek hoofsaaklik van Engelstalige werke gebruik gemaak het. Daar is genoeg gesaghebbende werke in Engels beskikbaar om soveel kennis van die ontwikkelinge in Algerië te vorm as wat vir hierdie studie nodig is.

Oor die geskiedenis van Suid-Afrika in die vroeë negentigerjare is daar vanweë die resentheid daarvan nog nie werklik wetenskaplike studies geskryf nie, maar heelwat inligting is in koerante en tydskrifartikels beskikbaar sodat die verloop en gevolge van die regse verset teen meerderheidsregering byna op 'n van dag tot dag basis in die geskrewe media gevolg kan word. Daar is ook van wetenskaplike historiese werke gebruik gemaak om die agtergrond waarteen die verset plaasgevind het te skets.